

NOTULE VAN DIE VAALPUTS PSIF MINUTES OF VAALPUTS PSIF

Datum: 28 Februarie 2013

Tyd: 10:00

Plek: Garing Konferensiekamer

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
1	<p>PRESENSIE/PRESENCE</p> <p>Die presensielys is vir ondertekening versprei. <i>Register of all present was signed.</i></p> <p>VERSKONINGS/APOLOGIES</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wyksverteenwoordigers van Soebatsfontein en Garies het aangedui, maar nie opgedaag nie. • <i>Representatives of Soebatsfontein and Garies indicated that they will attend, but did not show up.</i> • Hondeklipbaai , Spoegrivier en Leliefontein het niemand beskikbaar gestel vir vergadering. • <i>Hondeklipbaai , Spoegrivier en Leliefontein did not send anybody to the meeting.</i> • Gino van NNR het verskoning aangedui, asook Cathleen Koordom (Klipfontein). • <i>Gino of the NNR and Cathleen Koordom from Klipfontein tendered their apologies</i> • Verder was geen verskonings aangedui. • <i>Further to that, no apologies.</i> 	

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
2	<p>VERWELKOMING/LIEF EN LEED/WELCOME</p> <ul style="list-style-type: none"> • W Beukes doen verwelkoming. • <i>W Beukes did the welcome</i> • Vra dat persone teenwoordige asb hul volledige kontakbesonderhede moet verskaf om uitnodigings en kontak te vergemaklik. • <i>He requested that all present should confirm their contact details in order to assure they receive invitations to the meetings.</i> • Voorsitter bedank W Beukes vir vergadering. • <i>Chair thanked W Beukes for arranging the meeting.</i> <p>2.1</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verwelkom al die persone teenwoordig. • <i>Chair welcomed all present.</i> <p>2.2</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Chair opened the meeting with a prayer.</i> <p>VERJAARSDAE/BIRTHDAYS</p> <p>Alle persone wat verjaar het, huweliksherdenking gevier het word gelukgewens. <i>All of those that celebrated their birthdays or wedding anniversaries were congratulated.</i></p> <p>STERFGEVALLE/DEATHS</p> <p>Amanda Phillips is oorlede. 'n Minuut stilte word gehou ter nagedagtenis van oorledende . Voorsitter wens die familie sterkte toe. <i>Amanda Phillips died. A Minute of silence was held for her. The Chair wishes her family best of luck.</i></p>	
3	<p>VASSTELLING VAN DIE AGENDA/CONFIRMATION OF AGENDA</p> <p>Die agenda word aanvaar met die byvoeging van “Besoek aan bergingslote” deur Mnr W Beukes. <i>Agenda was accepted. Willem Beukes added a visit to the trenches.</i></p> <p>Agenda is daarna aanvaar gebaseer op die voorstel van Cornelius Kriel en sekondant Katharina Kok. <i>Cornelius Kriel accepted the agenda and Katharina Kok seconded it.</i></p>	
4	<p>GOEDKEURING VAN DIE VORIGE NOTULE/APPROVAL OF PREVIOUS MINUTES</p> <p>Die spelling van ‘fokus’ i.p.v focus asook ‘hom’ i.p.v ‘homo’ <i>Spelling errors were corrected.</i></p> <p>Die notule word eenparig aanvaar op voorstel van Simon Beukes en sekondant Ann Oerzon. <i>The minutes were accepted by Simon Beukes and seconded by Ann Oerzon.</i></p>	

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
5	<p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE/MATTERS ARISING</p> <p>Voorsitter se aanstelling is gedoen. Aanstellingstermyn vestry op 28 Februarie 2013. Nuwe nominasies vir die voorsitter moet gedoen word. <i>Deputy Chair was appointed and her term expires on 28 February 2013. New nominations for Chair should start soon.</i></p> <p>Afwesigheid van dorpie se verteenwoordigers steeds 'n groot bron van kommer. Gemeenskappe kry projekte en geen terugvoering word gedoen nie. <i>Absence of representatives of certain towns become a problem. These towns are issued with projects, but does not give feedback on the progress.</i></p> <p>Mnr Ellis stel voor dat Necsa en Munisipaliteit moet koördineer op IDP vergaderings sodat albei kan kennis dra oor projekte en ontwikkelings. <i>Mr Ellis suggests that Necsa and the Municipality coordinate at the IDP meetings in order for both entities to be informed about the status of the projects and developments.</i></p> <p>Sosiale investering het veiligheid oorheers en dit moet reggestel word. <i>CSI became more important that safety and that should be rectified.</i></p> <p>Voorsitter noem dat die vergaderings haar gerusgestel het oor kernveiligheid en die enigste manier om almal gerus te stel is belangstelling, bywoning van die vergaderings, oudits en die terugvoering wat aan die gemeenskappe gegee moet word. <i>The Chair mentions that Necsa meetings consoled her regarding safety and the only way the other people will be consoled is by attending the Necsa meetings and audits.</i></p>	

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
6	<p>VAALPUTS TERUGVOERING/VAALPUTS FEEDBACK</p> <p>Mnr. W Beukes noem aan die vergadering dat hulle vandag die bergingslote op Vaalputs gaan besoek. <i>Mr Beukes mentioned to the meeting that they will visit the trenches today.</i></p> <p>NKR inspeksie was 11 tot 13 Desember 2012, met die fokus op afvalontvangs, verslag nog uitstaande. <i>NNR inspections took place between 11 and 13 December 2012, with the focus on the receiving of waste. Report still outstanding.</i></p> <p>Personeel en omgewingsmonitering word gedoen vir volgens NIL28 kernlisensie vereistes . Geen nie voldoening is gerapporteer. <i>Personnel and environment is monitored according to NIL28 nuclear licence requirements. No non-conformance has been reported as yet.</i></p> <p>Die voorsitter en ondervooristter VPSIF word uitgenooi na die volgende oudits te Vaalputs vir 2013.: <i>The Chair and Deputy Chair are invited to the following audits:</i></p> <p>SHEQ -17 tot 19 September 2013 Sekuriteit – 17 tot 19 September 2013 ISO 9001 – November 2013 ISO 14001 – November 2013</p> <p>Geen insidente/kernvoorvalle geregistreer. Nie-voldoenings m.b.t Kernlisensie (NIL28) en Process Base Licensie (SHEQ stelsel), word volgens kwaliteitsstelsel aangemeld en ondersoek. <i>No incidents or nuclear occurrences have been registered. Non-conformances with regard to the nuclear licence (NIL28) and Process Base Licence (SHEQ system), is investigated and reported via the quality system.</i></p> <p>Vragte met radioaktiewe afvalhouers ontvang vanaf Koeberg en Necsa het voldoen aan die Afvalwegdoeningskriteria vir Vaalputs. <i>Loads of nuclear waste containers from Koeberg all conformed to the specifications of Vaalputs.</i></p> <p>Vaalputs hou geskeduleerde en ongeskeduleerde noodoefeninge om paraatheid van noodspanlede te toets ingeval van noodsituasie. <i>Scheduled and unscheduled emergency exercises are executed at Vaalputs on a regular basis to test the system and personnel involved.</i></p> <p>Moontlike datums vir volgende vergadering: <i>Possible dates for the next meeting:</i></p> <p>23 of 30 Mei 2013 21 of 28 Augustus 2013 14 of 21 November 2013</p>	
7	<p>VOORLEGGING- N van der Merwe/PRESENTATION</p> <p>Nico van der Merwe stel homself voor. Hy is 'n Mediese fisikus wat geregistreer is by die Mediese en Tandheekkundige raad. Sy werk is om seker te maak dat straling veilig gebruik word. Die voorlegging maak baie duidelik dat ons verskillende tipes straling kry en wat die voor – en nadele daarvan is. Aangeheg is 'n kopie van die voorlegging. <i>Nico van der Merwe introduced himself. He is a medical physicist working with radiation. Presentation attached.</i></p>	

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
8	<p>SAKE VANAF DIE NASIONALE KERNREGULEERDER (NKR)/NNR</p> <p>Mnr. Bertus Pretorius verduidelik dat daar veranderinge aan die NKR se raad van Direkteure is. <i>Mr Bertus Pretorius mention that the NNR Board has been changed.</i> Die termyn het in November verstryk en die Hoof Uitvoerende Beampte van die NKR het ook bedank in November 2012. <i>The CEO resigned and the Board's term expired November 2012.</i></p> <p>Die werwingsproses is reeds aan die gang. <i>The search for a new Board has started.</i></p> <p>Voorsitter van VPSIF se dienstermyn verstryk op 28 Februarie 2013. Advertensie vir nominasies sal in Plattelander en by Kamiesberg Munisipale dienspunte geplaas word. Sluitingsdatum vir nominasies aan die NKR is 28 Maart 2013. Die gemeenskap moet nomineer, NKR doen aanstelling. Nominasievorms sal uitgegee word na vergadering. Nominasies moet so gedoen word, dat dit wel iemand is wat belangstel in die gemeenskappe en die vergaderings sal bywoon. Daar word n beroep gedoen op alaml teenwoordig in die forum om die nominasie te ondersteun. <i>The term of the Chair of the PSIF expires on 28 February 2013. Advertis for nominations will be published in the Plattelander and the Namakwalander. All nominations should be sent to the NNR. The closing date is 28 March 2013. People that are nominated, should be involved in the community and be prepared to take up the challenge. All present at the meeting should work together to nominate somebody.</i></p> <p>Mnr AC Carolissen stel voor dat die huidige voorsitter se termyn verleng moet word. <i>Mr AC Carolissen suggests that the current Chair serves a second term.</i></p> <p>Die NKR is opsoek na name en kontakbesornderhede van 4 skole in die omgewing. Bewusmaking van wat die NKR doen, asook loopbaan moontlikhede. Mnr. Ellis noem dat dit net Garies en Kharkams Hoërskole is. <i>The NNR requested the names of four schools in the area where they can do public relations and Career guidance. Mr Ellis suggests Garies and Kharkams High Schools.</i></p>	<p>W Beukes</p>
9	<p>DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING/DATE OF NEXT MEETING</p> <p>Sal gekommunikeer word uit die 6 moontlike datums. <i>Will be communicated out of six possible dates.</i></p> <p>Sien apargaraaf 6 See par 6</p>	

NO	BESKRYWING	VERANT- WOORDELIKE PERSOON
10	<p>ALGEMEEN/GENERAL</p> <p>Daar is 6 moontlike datums vir die volgende 3 vergaderings. <i>There are six possible dates for the next three meetings.</i> Wykskomiteelede moet teenwoordig wees by prosesse en projekte. Groei met die geleentheid wat jou aangebied word. Representatives should be present in order to empower themselves. Kontak met die dienspunte moet ook aangespreek word. Verhouding tussen verteenwoordiger en dienspuntklerk moet verbeter. <i>The relationship between the representative and the clerk at the Municipality should improve.</i> Me Cardinal se afwesigheid moet ook aangespreek word. <i>Ms Cardinal should be spoken to for not showing up.</i> Susarah Nero sal uitvind of daar nie 'n alternatief is om haar te vervang nie. <i>Susarah Nero will establish if she could be replaced with someone else.</i> Vergadering vra of Necsa nie 'n skrywe aan die Munisipaliteit kan rig om die afwesigheid van CDW's en wyksverteenwoordigers aan te spreek. <i>The meeting requests Necsa to write a letter to the municipalities to ask them to assure that the CDW's and other representatives attend the meetings.</i> Voorsitter vra weereens dat verteenwoordigers terugvoering moet gee op wyksvergaderings op onderskeie dorpie. <i>The Chair requestes that the representatives give feedback to the community on what was discussed at the Necsa meeting.</i> Mnr AC Carollissen bedank die huidige Voorsitter vir die manier waarop sy die forum gelei het met haar kundigheid en nederigheid. <i>Mr Carolissen thanked the Chair for the professional way in which she led the forum.</i></p>	
	<p>AFSLUITING/CLOSURE</p> <p>In die afwesigheid van verdere vrae, bedank die voorsitter die vergadering vir hul bydraes. Asook vir die voorreg wat sy gehad het om deel te kon wees van die forum. Vergadering verdaag vir middagete en besoek aan bergingslote na die ete. <i>There were no more questions, therefore the Chair thanked the meeting for their contributions as well as for the privilege she had to be part of the forum.</i> <i>The meeting was adjourned for lunch and a site visit to the trenches.</i></p>	

.....
VOORSITTER

.....
DATUM